

Laaste Lewenslesse

belangrike waarhede op pad na die kruis

Rus en Vrede in Moeilikheid

“Ek sê hierdie dinge vir julle sodat julle in My rus en vrede kan vind. In die wêreld sal julle swaarkry beleef, maar skep moed: Ek het die wêreld reeds oorwin.” Joh.16:33

1. Vervolging van die dissipels en vervolging in die wêreld vandag

Soos wat Jesus Sy dissipels voorberei, gee Hy hulle beloftes, maar Hy waarsku hulle ook van swaarkry en verdrinking. Die beloftes is ons hoop in tye van verdrinking. Ons lewe in 'n tyd waarin vervolging erger is as ooit. Meer as 340 miljoen Christene vanuit meer as 50 lande ervaar elke dag vervolging. Net in die laaste jaar is 4,761 Christene doodgemaak omdat hulle in Jesus glo. 4488 kerke is aangeval. 4277 gelowiges is in tronke geplaas sonder 'n verhoor.

*As die wêreld julle haat, moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het. (Joh 15:18)
Wie my haat, haat ook my Vader. (Joh 15:23)*

Bid saam vir die mense reg oor die wêreld wat besig is om vervolgd te word

2. Swaarkry is deel van ons almal se lewens

“Ek het hierdie dinge nou vir julle uitgespel sodat julle nie struikel nie.” Joh 16:1

Ons almal gaan deur en ondervind moeilike tye in ons lewens. Die Duiwel sal jou verontrus en sal probeer om met sonde jou te verlei. Hy sal deur middel van moeilike omstandighede, jou probeer moedeloos maak en hy sal probeer om haat teenoor Christene los te maak. Daar is 4 V's van swaarkry:

Verontrus te wees – Om angstig en bekommerd te wees

Versoek - Sonde

Verdruk – Omstandighede

Vervolg - Fisiese vervolging

VRAAG: Watter een van die 4 V's ondervind jy in jou lewe? Is jy konstant angstig en bekommerd of voel jy dat jy baie versoek word (om sonde te doen)?

3. Rus en Vrede

“In hierdie wêreld sal u probleme hê. Maar hou moed! Ek het die wêreld oorwin.”
Joh 16:33

“Ware vrede word nie gevind waar probleme afwesig is nie. Ware vrede word gevind in die teenwoordigheid van die Here”

Almal van ons ondervind dat ons deur een van die 4 v's gaan. Die laaste jaar was 'n uitdaging vir baie van ons gewees en het baie angs, spanning en bekommernisse in baie aspekte van ons lewens veroorsaak (werk omstandighede, in ons huwelike, met ons kinders, vriendskappe ens.) en ook het daar moontlik meer versoekings oor jou pad gekom as waarvan jy voorheen bewus was. Dit het veroorsaak dat jy nie rus en vrede in jou lewe ervaar het nie, maar storms. Ware vrede is om kalmte in jou lewe te bereik na die storm.

VRAAG: Is jy geneig om vrede te vind in alledaagse dinge en in mense of vind jy jou vrede by die Here?

Hoe kry ons vrede in Jesus Christus? Deur om die situasie voor Hom te plaas, Hy het die wêreld reeds oorwin. Dit beteken dat ons kan assosieer met **Eèn** wat die vyand reeds **oorwin** het.

BID SAAM:

Bid vir mekaar vir die wat deur swaarkry gaan, vir die wat dalk 'n versoeking in die gesig staar en vir die wat angstig is en bekommernisse het wat hulle nie self kan dra nie.

